SAOU **Noord-Kaap • Northern Cape**
Posbus 110156 Hadisonpark 8306 E-pos: saounk@saou.co.za
☎ 053 832 2727 Faks 053 832 2460

SPLINTERNUUS

13 November 2015 No: 26 van 2015

SEMINAAR VIR SKOOLHOOFDE 2016

Skoolhoofde se aandag word gevestig op die jaarlikse seminaar vir skoolhoofde wat aanstaande jaar op **25 en 26 Februarie 2016** op Douglas gaan plaasvind.

'n Voorlopige program is hierby aangeheg. Die program dek 'n wye verskeidenheid aspekte en genoeg tyd is vir elke spreker toegelaat sodat daar voldoende tyd vir vrae en interaksie met die sprekers is.

Skoolhoofde word versoek om die program te bestudeer en insette te lewer op die volgende:

- Aspekte wat Regsdienste moet aanraak.
- Aspekte wat POD moet aanraak.
- Knelpunte wat skoolhoofde wil hê FEDSAS moet aanspreek. Die program dui net 'n paar aspekte aan.
- Moontlike vrae wat skoolhoofde wil hê dr. Breed en mnr. Klopper moet aanspreek.
- Knelpunte wat skoolhoofde wil hê prof. De Waal in haar praatjie moet aanspreek

Die Dagbestuur het besluit dat die skoolhoof en die skool se adjunkhoof/tweede-in-bevel die seminaar mag bywoon.

Die koste verbonde aan die seminaar is nog nie vasgestel nie, maar dit sal tussen R400 en R600 (2015: R650 per persoon) per persoon beloop. Persone wat die seminaar wil bywoon, moet self hul verblyf reël.

WORKSHOP ON DISCIPLINE

A workshop on discipline is planned for 2016. A draft program is attached for your information. Speakers are not yet finalised and thus not indicated on the program.

The details of the workshop are as follows:

DATE	***:***	***29 and 30 January 2016***
LOCATION	***:***	***Upington***
COST	***:***	***Still to be determined***
TARGET GROUP	***:***	***SMT's of schools, teachers and members of governing bodies***

Prof. Jeanette de Klerk-Luttig *of Stellenbosch accepted our invitation to particpate in the seminar. She will deliver a speach on the following topic:* **"Dissipline, die vestiging van 'n waardestelsel en die impak daarvan op die gedrag en gedragskode in skole".**

WERKSWINKEL VIR SKOOLBESTURE

Die SAOU het die afgelope 3 jaar ‘n nasionale werkswinkel vir skoolbestuurspanne aangebied. Hierdie werkswinkels is elke keer binne drie dae volskryf en talle lede kon dit nie bywoon nie. Vanweë hierdie oorweldigende belangstelling, is besluit om dit op provinsiale vlak aan te bied op voorwaarde dat dit nie in terme van gehalte moet afsteek by die nasionale werkswinkel nie.

Dit skep vir ‘n provinsie soos die Noord-Kaap met sy klein ledetal bepaalde uitdagings om op so ‘n groot skaal kwaliteit-sprekers vir ‘n werkswinkel te trek en terseldertyd ‘n bekostigbare werkswinkel aan te bied. In die lig hiervan het die Provinsiale Dagbestuur op sy onlangse vergadering besluit om met die SAOU (Vrystaat) oorleg te pleeg met die oog op een werkswinkel in Bloemfontein vir die sentrale streek.

‘n Datum is nog nie bepaal nie, maar dit sal moontlik in Augustus plaasvind. Sodra ‘n datum vasgestel is, sal die inligting deurgegee word.

ANDER BEMAGTIGINGSGELEENTHEDE

Die volgende ander bemagtigingsessies is in die beplanning:

- Beginneronderwysers (beginners tot ±4 jaar)
  - Pensioenfonds
  - Terugkoop van diens
  - Verlof
  - Bonus
  - Oorplasings
  - Behuisingstoelaag
  - Diensstaat (PAM)
  - Erkenning – verbetering van kwalifikasies

  Kimberley – 21 Januarie 2016 en Upington 28 Januarie 2016
- Bemagtiging van onderwysers in Wiskunde (Intermediêre Fase) en Natuurwetenskappe (Senior Fase).
- Oorgang van graad 3 na graad 4 - Moontlike datums: 22 tot 25 Augustus 2016.
- Regsdienste - Moontlike datums: 16 – 19 Mei 2016.

Sodra datums en meer besonderhede beskikbaar is, sal dit aan lede deurgegee word. Lede moet onthou dat die bywoon van vakbond-aktiwiteite tel vir PO punte by SARO.

TEMPORARY TEACHERS (ONE YEAR CONTRACT) : BONUSES

Temporary educators appointed with benefits on a year contract received pro rata bonuses in their month of birth. The office of the SAOU received confirmation that those educators will receive the remainder of their bonuses at the end of December.

Temporary educators converted to permanent in 2015 are excluded as they will receive normal bonuses in 2016.

SAOU MALL

Members who opted for the table calender will automatically be registered to the mall from the beginning of 2016.

SLOTGEDAGTE

Every morning you have two choices:

1. Continue to sleep with your dreams
OR
2. Wake up and chase them.

SAOU APP

For instructions to download the SAOU App, click on the following link and follow the instructions:
http://www.saou.co.za/saou-application-app/.

EVALUEER DIE KWALITEIT VAN SAOU (NOORD-KAAP) SE DIENSLEWERING/ *EVALUATE THE QUALITY OF SERVICE DELIVERY OF THE SAOU (NORTHERN CAPE)*
Click here/Kliek hier: http://emailmanager.co.za/saou/2015-04-14-Questionnaire/questionnaire.asp

SAOU SA ONDERWYSERSUNIE
SA TEACHERS' UNION
Noord-Kaap | Northern Cape
Tel: 053 832 2727 | Faks/Fax: 053 832 2460
e-pos/email: saounk@saou.co.za

DISSIPLINE WERKSWINKEL

PLEK: UPINGTON DATUM: 29 EN 30 JANUARIE 2016			
	TYD	AANBIEDING	SPREKER
VRYDAG 29 JANUARIE 2016	13:00 – 14:00	Aankoms en registrasie	Provinsiale Sekretaris en VVV's
	14:00 – 14:10	Opening en verwelkoming	S. de Beer
		Gesamentlike sessies	
	20 min.	Wat is die beskouing van die moderne jong mens itv dissipline	Twee matrikulante uit verskillende skole – seun en dogter
	20 min.	Wat verwag die moderne ouer itv dissipline? Die ouer (en gemeenskap) as vennote in leerdergedrag	Twee ouers
	20 min.	Die invloed van groepsdinamika op suksesvolle toepassing van dissipline	
	15 min.	Bespreking	Fasiliteerder (PUR)
	30 min.	Tee, koffie en verversings	
	30 min.	Die invloed van kulturele verskille op leerdergedrag	
		Paralelle werksessies	
	60 min.	Dissipline in die laerskool	Paneel
		Dissipline in die hoërskool	Paneel
		Dissipline en geslagverskille	Paneel
	±17:30	Verdaging	
SATERDAG 30 JANUARIE 2016	07:30 – 08:00	Aankoms en registrasie	Provinsiale Sekretaris en VVV's
	08:00 – 08:15	Opening en verwelkoming	Pur lid
		Gesamentlike sessies	
	60 min.	Dissipline en die vestiging van 'n waardestelsel/hersiening van gedragskode	Prof. Jeanette de Klerk, Stellenbosch
	30 min.	Die personeelkamer: Regulering en streshantering	
	30 min.	Tee, koffie en verversings	
	60 min.	Dissipline: Woede, konflikhantering en positiewe leerderdeelname	
	40 min.	'n Nuwe begin vir die bestuur van dissipline in die skool: Hoe word die proses vorentoe gevat?	
	±12:00	Samevatting en afsluiting	H. Brand

SAOU

Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (Noord-Kaap)
South African Teachers' Union (Northern Cape)

SEMINAAR VIR SKOOLHOOFDE
GWK, DOUGLAS OP 25 EN 26 FEBRUARIE 2016
TEMA: BOELIES IN DIE SKOOL

DONDERDAG, 25 FEBRUARIE 2016				
Tyd	**Aktiwiteit**	**Tydsduur**	**Verantwoordelike persoon(e)**	**Opmerkings**
08:00 tot 08:30	Aankoms en registrasie	15 min	Provinsiale Sekretaris	
08:15 tot 08:20	• **Opening**	5 min		
08:20 tot 08:30	• **Verwelkoming/Reëlings**	10 min	Mnr. Kobus Smith	
08:30 tot 09:00	• **GWK aan die woord**	30 min	GWK	Stel spreker aan die woord en bedank:
09:00 tot 10:30	• **HUB aan die woord**	90 min	Mnr. Chris Klopper, HUB	Stel spreker aan die woord en bedank:
10:30 tot 11:00	• **Sake uit die kantoor**	30 min		
11:00 tot 11:30	Tee/ Koffie/ Verversings	30 min	GWK	Provinsiale sekretaris
11:30 tot 13:00	• **Regsdienste**	90 min		Stel spreker aan die woord en bedank:

13:00 tot 13:30	Ligte middagete	30 min	GWK Tafelgebed:	Provinsiale sekretaris
13:30 tot 15:00	• **POD**	90 min		Stel spreker aan die woord en bedank:
15:00 tot 16:30	• **Aktuele sake** ➢ **Toelating: Wet vs skoolbeleid** ➢ **Wysigings aan SA Skolewet: Wat word beoog? Waar laat dit FEDSAS?** ➢ **Konflik tussen BL en Departement: Waar pas FEDSAS in?** ➢ **Aanstellings** ➢ **Omskakelings** ➢ **Konflik tussen SBL(FEDSAS) en skoolhoof/onderwysers?** ➢ **SBL en King 3: Is dit op SBL van toepassing en indien wel, hoe moet skoolhoof dit implementeer?** ➢ **Ens.**	90 min	FEDSAS	
16:30 tot 18:00	Ontspanning	90 min		
18:00 – laat	Aandete (Braai)		GWK Tafelgebed:	Provinsiale sekretaris

VRYDAG 26 FEBRUARIE 2016				
Eie tyd	Ontbyt		Almal	
08:00 tot 8:05	• **Opening**	5 min		
08:05 tot 08:50	• **President aan die woord**	45 min	Dr. Jopie Breed, President, SAOU	Stel spreker aan die woord en bedank:
08:50 tot 10:15	• **Beplanning vir my aftrede**	85 min	Mnr. Corn Booyens	Stel spreker aan die woord en bedank:

10:15 tot 11:45	• **Boelies**	90 min	Prof Elda de Waal, “Professor: Education Law, School of Educational Sciences Faculty of Humanities”, Vaaldriehoek-kampus, NWU	Stel spreker aan die woord en bedank:
11:45 tot 12:45	• **Vettie-Boem-Boem**	60 min	Mej. Ilne Fourie	Stel spreker aan die woord en bedank:
12:45 tot 13:00	• **Afsluiting , bedanking en tafelgebed**	15 min		
Ligte verversings – GWK **Vertrek na onderskeie tuistes**				